Biblioteek

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c | Saterdag, 24 November 1962. | WINDHOEK | Saturday, 24th November, 1962. | No. 2439

INHOUD

GOEWERMENTSKENNISGEWING—

No. 235 Onderwysregulasies: Wysiging van . . .

CONTENTS Page/Bladsy

GOVERNMENT NOTICE—

Education Regulations: Amendment of . . 1673

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 235.] [24 November 1962.

ONDERWYSREGULASIES: WYSIGING VAN.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *eenhonderd ses-en-vyftig* van die Onderwysproklamasie 1926 (Proklamasie 16 van 1926) regulasies 1 en 2 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 34 van 1928, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 146 van 1937 en 325 van 1945, te herroep en deur die volgende regulasies te vervang:—

„1. Die kosgeld betaalbaar vir die onderhoud van elke kind wat in 'n koshuis loseer, is:—

(a) in die geval van ouers wat verder as 3 myl van die naaste toepaslike skool woon R20 per kwartaal of gedeelte van 'n kwartaal; en

(b) in die geval van ouers wat 3 myl of nader aan 'n toepaslike skool woon en indien omstandighede volgens mening van die Direkteur sodanige opname vereis, R30 per kwartaal of gedeelte van 'n kwartaal:

Met dien verstande dat die Direkteur in besondere gevalle die toelating van 'n kind in 'n koshuis vir 'n gedeelte van 'n kwartaal teen 'n verminderde pro rata gedeelte van die kosgeld wat vir 'n volle kwartaal betaalbaar is kan magtig.

2. Wanneer meer as een kind wat geheel van dieselfde persoon vir hulle onderhoud afhanklik is, en in die geval van ouers wat verder as 3 myl van die naaste toepaslike skool woon, in 'n koshuis toegelaat word is die volgende gesamentlike kosgelde betaalbaar:

Vir 2 kinders R36 per kwartaal of gedeelte daarvan;
Vir 3 kinders R51 per kwartaal of gedeelte daarvan;
Vir 4 kinders R64 per kwartaal of gedeelte daarvan;
Vir meer as vier kinders word die totale gesamentlike kosgelde van R64 vermeerder met R16 per kwartaal of gedeelte daarvan ten opsigte van elke bykomende kind:

Met dien verstande dat in die geval van kinders wie se ouers drie myl of nader van die naaste toepaslike skool woon die kosgelde deurgaans R30 per kind per kwartaal of gedeelte van 'n kwartaal beloop."

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

C. F. MARAIS,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 235.] [24th November, 1962.

EDUCATION REGULATIONS: AMENDMENT OF.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section *one hundred and fifty-six* of the Education Proclamation 1926 (Proclamation 16 of 1926) to repeal regulations 1 and 2 of the regulations published under Government Notice 34 of 1928, as amended by Government Notices 146 of 1937 and 325 of 1945, and to substitute the following regulations therefor:—

"1. The boarding-fee payable for the maintenance of each child accommodated in a hostel shall be:—

(a) in the case of parents living more than three miles from the nearest appropriate school, R20 a quarter or part of a quarter; and

(b) in the case of parents living not more than three miles from the nearest appropriate school, and if circumstances in the Director's opinion warrant such accommodation, R30 a quarter or part of a quarter:

Provided that the Director may in particular cases authorise the admission of a child to a hostel for part of a quarter at a reduced pro rata portion of the fee payable for a whole quarter.

2. When more than one child solely dependent upon the same person for maintenance and in the case of parents living more than three miles from the nearest appropriate school, is admitted to a hostel the following joint total fees shall be payable:—

For 2 chidren R36 per quarter or part thereof;
For 3 children R51 per quarter or part thereof;
For 4 children R64 per quarter or part thereof;
For more than four children the joint total boarding fees R64 shall be increased by R16 per quarter or part thereof in respect of each additional child:

Provided that in the case of children whose parents live not more than three miles from the nearest appropriate school, the boarding-fees shall throughout be R30 per child per quarter or part thereof."

Gedruk in Suidwes-Afrika deur / Printed in South West Africa by John Meinert (Pty) Ltd., Windhoek